

# St. Rochus

## 16 Junie

(1295-1327)

Hy is by Montpellier in die suide van Frankryk gebore en hy was nog maar ‘n kind toe albei sy ouers sterf. Hy ontwikkel in ‘n diepgelowige jongman wat sy verhouding met sy Here baie ernstig opgeneem het. In 1317 gaan hy op ‘n pelgrimstog na Rome waar hy groot opspraak verwek het toe mense wat aan die baie aansteeklike pes gely het op sy voorspraak genees is. By sy terugkeer in sy tuisstad word hy egter as ‘n spioen aangesien en in die gevangenis opgesluit waar hy vyf jaar later sterf. Hy word vereer as die beskermheilige van aptekers en sy voorbidding word gewoonlik ingeroep teen die pes of enige aansteeklike siekte.

© Die Oratorium Uitgewery